Die Van der Merwe Geskiedenis

Koning Merovbaeus (of Mervii, Merving, Meriwido of Merwede) was die derde Frankiese vors; en hy het ‘n kasteel gebou in 453 in Suid Holland, naby die hedendaagse stad, Dordrecht. Ruïnes van die ou kasteel van Merwede kon tot onlangs nog waargeneem word.

Die naam van die rivier, wat gevorm word met die samevloeing van die Maas- en Waalriviere, het die naam gedra van Merwerivier. Die omliggende gebied het dan ook Mervede geheet. Hierdie koning Mervede het reeds die oorspronklike van der Merwe skild, of wapen gebruik. Dit is byna 15 en ‘n half eeue gelede. Dit is lank voordat die beskawing en Christendom in Wes Europa gevestig is.

Heelparty van dié ou van der Merwes se naam was Daniel. Die Derde Daniel het op die vierde kruistog van Jerusalem, homself onderskei en ridder geword. Die vierde Daniel van der Merwe word in ‘n geskrif van Dordercht in 1252 verrmeld. Die vyfde Daniel was in 1293 ook ‘n ridder. Die sesde Daniel, Ridder van der Merwe, word in 1341 die eerste Baron van der Merwe. Die sewende Daniel, Ridder Dykgraaf van den Groten Waard: 1309- 1390

Die agste Daniel “sterf in den bloei sÿn leven(1413) en liet twee dochters na.” Ander name in die familie: Carel, Adriaan, Jan, Dirk, Willem, Claas, ea. Die gronde om die ou Merwe Kasteel was ±750 ha groot. Hier kon hulle boer, vee laat wei, jag en visvang; langs die Merwe rivier. Hierdie ou kasteel was “ een zeer oude heerlikheid, gelegen begenover Dordrecht, met een rechtsgebied dat selfs tot in die stad liep.” Reeds voor die jaar 1000 was hierdie ou kasteel, van koning Merovaeus, “een der vernaamste kastelen wat de stad Dordrecht in oudheid verre overtreft. Het hoofd gebouw overtrof in pracht alles wat toen op architectonish gebied werd gelevert.” Die landgoed het ook sy eie kerk, St Nicolaas, gehad. In 1401 is ‘n kapel aangebou met dié altaarwoorde: “Des Heeren Daniel van der Merwede heiligdom, volgens uiberste Willem van Herbert en Jacob, sÿne twee broeders.”

Toe kom die reuse St Elizabeth's watervloed: meer as 10 000 inwoners verdrink, meer as 70 dorpe word oorstroom: " waaroor die menschen zeer grote schade leedt." Dit was 1421. In 1004 neem Dordrecht die landgoed oor. (In 1660 het die eerste van der Merwe, net 8jaar na Jan van Riebeeck, Kaap toe gekom het hier as "busskieter" gevestig (geweer hanteer, soldaat of jagter?) Hy was die eerste geslag in Suid – Afrika. Sy kleinkind het van die eerste Van der Merwe plaas in ons land, De Hoop, naby Paarl getrek, na die Koue Bokkeveld. Dus is die "babas" wat in 1990 op Boplaas groot geword het, die 10de geslag op dié plaas, en die 12de geslag in ons land. (1660-1990= 330jr) Inligting op die geslagsregister in Boplaas wat in 1993 (vanaf 1743) 250jr in ons familie se besit sal wees. Dit sal dus in 1993 (D.V) nie net die 250jaar van Van der Merwes op Boplaas wees nie, maar ook 1540jaar van familie geskiedenis. Wie weet hoevêr vóór 453 was daar nie al sulke ouens nie? Sonder om hoogmoedig te wees, kan ons baie trots wees op só 'n lang familie geskiedenis en stamboom… en tog… wie lewe vandag, wat nie van dáárdie tyd se mense (of vroeër) afstam nie? Ja: " Arbeid en Adel het Gevestig en Behou" Gaan maar die geskiedenis na: Deur die Genade het daar veel groot manne en vroue uit ons voorgeslagte gekom, van konings en ridders tot leiers deur die jare op vele terreine! Wat gaan jý omtrent die voortsetting van hierdie trotse tradisie doen? Gaan jý ook meehelp om dié wat ná jou kom 'n beter plek na te laat, as wat jý geerf het… of… gaan jy net 'n Vannemerwe grap wees?

Opgestel deur

Carl van der Merwe

1990